

SKRIFLESING: 2 Kor 1:1-11

Tema: God bemoedig ons sodat ons ander kan bemoedig.

Paulus het by tye baie moeilikheid beleef. Ons lees in 2 Kor 1:5 dat hy skryf van die "oorvloed lyding wat hulle ter wille van Christus" verduur het. In 2 Kor 1:8 skryf hy van die swaar wat hulle moes verduur. Dit het ver bo hul kragte gegaan, sodat hulle selfs die hoop om te bly lewe laat vaar het. Hulle kon dit nie meer uithou nie. Dit het gevoel of die doodvonnis klaar oor hulle uitgespreek is.

Ons weet nie presies watter moeilikheid hulle in die provinsie Asië ondervind het nie. 2 Kor 11:23-29 is een van die gedeeltes waar Paulus uitbrei oor sy swaarkry. Hy beleef hierdie swaarkry omdat hy die evangelie van Jesus Christus verkondig.

²³Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar.²⁴Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, ²⁵drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

²⁶Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers. ²⁷Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. ²⁸Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. ²⁹As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan."

Vandag is daar steeds mense wat sê dat gelowiges nie sal swaarkry nie. Dit ten spyte daarvan dat Christus, die voorbeeld in wie se voetspore ons moet volg, gely en gesterf het. Ons kan redeneer dat Hy darem die Seun van God is wat gestuur is om in ons plek te kom ly en sterf.

Maar dan is daar ook nie een gelowige in die Bybel wat nie swaargekry het nie. Paulus adresseer hierdie brief aan die gemeente en aan almal wat aan die Here behoort.

Vanuit sy skrywe is dit baie duidelik dat gelowiges gaan swaarkry. Volgens Jerigo mure ly 100 miljoen Christene op die oomblik ter wille van hulle geloof in Christus. Elke maand word gemiddeld 322 Christene doodgemaak vir hulle geloof. 214 kerke en Christen eiendomme word vernietig. 772 vorme van geweld word teen Christene gepleeg.

Maar swaarkry is vir 'n gelowige nie die einde van die wêreld nie.

Die vraag is: "Hoe hanteer ek dit?"

Vries ek? Ek is oorweldig deur al my swaar en leef 'n raak my nie en traak my nie lewe. Ek gaan sit in sak en as.

Veg ek? Ek raas en kla. Ek glo in 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.

Vlug ek? Ek onttrek of ontken.

Of vertrou ek op God? Almal van ons doen by geleentheid een of meer van die eerste drie dinge, maar vertrou ons bo alles op God?

Moeilikheid leer ons om op God te vertrou.

Hoor wat skryf Paulus in 2 Kor 1:9: "Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe."

Hy is die Vader wat Hom ontferm oor sy kinders. Hy bevestig al by ons doop vir ons dat Hy vir ons 'n God sal wees en die God van ons nageslag.

In 1 Kor 2:10 lees ons dat dit Hy is wat uit doodsgevaar red. Hy gee uitkoms. Ons moet nie op onself vertrou nie, want self is ons tot niks instaat nie. Vertrou op Hom. Dit is Hy wat mense uit die dood kan opwek. Leer om in alles totaal afhanklik van God te wees.

Hy red ons nie altyd dadelik uit ons moeilikheid nie.

Ons lees in 2 Kor 1:3-4 dat Hy ons *in* en nie *uit* elke moeilikheid help. In elke moeilikheid is Hy naby ons. Hy gee ons moed. Hy los ons nooit alleen nie. Hy is saam met ons. Hy staan ons by en help ons in al ons krisisse.

In die bekende Ps 23 skryf Dawid so mooi. Ek lees die Boodskap vertaling:
"Selfs wanneer die lewe vir my so donker word dat ek nie weet watter kant toe nie, sal ek nie bang wees dat probleme my onderkry nie, want U is altyd by my. Dit troos my dat U my lei en beskerm. U laat my veilig voel."

Swaarkry leer ons om op God te vertrou. Maar daar is nog 'n rede vir ons swaarkry

2. Moeilikheid leer ons om ander te help.

In 2 Kor 1:4 lees ons: "In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,.."

In elke moeilikheid help Hy ons sodat ons ander kan help as hulle weer swaarkry. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.

In 2 Kor 1:6 lees ons: "As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur."

Bemoediging is soos 'n aflosstokkie. Ons ontvang dit van God en moet dit op ons beurt weer aangee aan ander sodat hulle kan volhard op God se pad ondanks lyding.

Lydung rus jou toe om ander se lyding beter te verstaan en om ander in lyding beter te help. Ek het al dikwels ervaar dat iemand wat deur 'n krisis is, iemand anders in 'n krisis net beter kan help. Iemand wat 'n eggenoot aan die dood afgestaan het, kan iemand wie se geliefde sterf van beter raad bedien. Iemand wat die stryd teen kanker stry of daarvan genees is, kan iemand wat met kanker gediagnoseer is, net beter ondersteun.

Deel van ons help van ander is om vir hulle te bid.

3. Moeilikheid leer ons bid.

Gebede bring seën vir diegene vir wie ons bid en werk mee aan die uitkoms wat God gee. Dit versterk ons en hulle vir wie ons bid in geloof.

Afsluiting

Swaarkry is deel van ons as kinders van die Here se lewens.

Een van die redes daarvoor is dat dit ons te leer om op te kyk en op God te vertrou.

Dit leer ons ook om na mekaar te kyk, om mekaar te help en vir mekaar te bid. Kom ons gaan doen dit!

Amen